

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU

No.1191

8 OCTOBER 1999

**ALGEMENE MAGTIGINGS INGEVOLGE ARTIKEL 39 VAN DIE NASIONALE WATERWET, 1998
(WET No. 36 VAN 1998)**

Ek, ARTHUR MICHAEL MULLER, in my hoedanigheid van Direkteur-generaal van die Departement van Waterwese en Bosbou, en behoorlik gemagtig ingevolge artikel 63 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), magtig hierby alle of 'n kategorie van persone om water te gebruik ingevolge artikel 39(1) van die Nasionale Waterwet, saamgelees met artikel 21, ten opsigte van die Algemene Magtigings vervat in die Bylae hiervan.

DIREKTEUR-GENERAAL: WATERWESE EN BOSBOU

BYLAE

**1. DIE NEEM VAN WATER VANUIT 'N WATERHULPBRON EN DIE OPGAAR VAN WATER
[Artikel 21(a) en (b)]**

Doel van hierdie magtiging

1.1. Die magtiging wat ingevolge hierdie Bylae toegelaat word, vervang die nodigheid vir 'n watergebruiker om ingevolge die Nasionale Waterwet aansoek te doen om 'n lisensie vir die onttrekking of opgaar van water vanuit 'n waterhulpbron, mits die onttrekking of opgaring binne die perke en voorwaardes uiteengesit in hierdie magtiging is.

Uitsluiting

1.2. Hierdie magtiging is nie van toepassing —

- (a) ten opsigte van enige bepaling betreffende onttrekking en opgaring ten opsigte van 'n Staatswaterbeheergebied, 'n Staatswaterwerk, 'n opvangbeheergebied of 'n besproeiingsdistrik soos omskryf in die Waterwet, 1956 voor die herroeping daarvan;
- (b) op iemand wat wettige toegang tot 'n waterwerk of waterhulpbron het nie; en
- (c) op vleie, die ontwatering van myne of odergrondse opgaring van water.

Voldoening aan die Nasionale Waterwet en ander wette

1.3.(1) Hierdie magtiging -

- (a) is nie van toepassing op enige watergebruik kragtens Bylae 1 van die Nasionale Waterwet nie;
- (b) vervang nie enige bestaande magtiging wat kragtens die Nasionale Waterwet erken word nie; of
- (c) stel nie iemand vry nie, wat water gebruik van voldoening aan enige bepaling van die Nasionale Waterwet, enige ander toepaslike wet, regulasie, ordonnansie of verordening nie, tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

(2) In die geval van die onttrekking van water vir industriële doeleindes, moet daar voldoen word aan die bepalings van artikel 7 van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 van 1997).

(3) Iemand wat water ingevolge hierdie magtiging gebruik, word van voldoening aan artikel 22(2)(e) van die Nasionale Waterwet vrygestel.

Toepassingsgebied

1.4. Hierdie magtiging is van toepassing oral in die Republiek van Suid-Afrika, uitgesonderd soos uitgesluit in paragraaf 1.2.(a) hierbo en die gebiede uiteengesit in —

- (a) Tabel 1.1 vir die onttrekking van oppervlakwater; en
- (b) Tabel 1.2 vir die onttrekking van grondwater.

Duur van magtiging

1.5. Hierdie magtiging is geldig vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, tensy —

- (a) dit op enige hersieningsdatum gewysig word, welke hersieningsdatum met tussenposes van twee jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sal wees;
- (b) die tydperk by verdere kennisgewing in die *Staatskoerant* verleng word; of
- (c) daar van die watergebruiker vereis word om aansoek te doen om 'n lisensie ingevolge die Nasionale Waterwet.

Woordomskrywing

1.6. In hierdie magtiging het enige woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis ingevolge die Nasionale Waterwet toegeken is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) "**onttrekking**" die neem van water vanuit 'n waterhulpbron;
- (ii) "**moniteringsprogram**" 'n program vir die gereelde neem van metings van die hoeveelheid en/of gehalte van 'n waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting, met gespesifiseerde tussenposes, en op spesifieke plekke, vir die bepaling van die chemiese, fisiese en biologiese aard van die waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting;
- (iii) "**opgaring**" die opgaar van water wat nie afval bevat nie, in 'n waterloop of in buitekanaalopgaring.

Onttrekking en opgaring

1.7. Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede soos uitgesluit in paragraaf 1.2 (a) hierbo en soos uiteengesit in Tabel 1.1 en Tabel 1.2, mag op daardie eiendom of grond —

- (a) grondwater onttrek soos uiteengesit in Tabel 1.3;
- (b) oppervlakwater teen 'n tempo van tot 25 liter per sekonde onttrek —

- (i) vir die besproeiing van tot 25 hektaar grond, teen 6 000 kubieke meter per hektaar per jaar;
of
- (ii) vir ander doeleindes as besproeiing, tot en met 100 kubieke meter op enige gegewe dag; en
- (c) tot en met 50 000 kubieke meter water opgaar.

Registrasie van watergebruik

1.8.(1) Iemand wat water ingevolge hierdie magtiging gebruik, moet 'n registrasievorm indien wat van die Departement verkry is vir die registrasie van watergebruik voordat begin word om —

- (a) meer as 50 kubieke meter oppervlakwater of 10 kubieke meter grondwater op enige gegewe dag te onttrek; of
- (b) meer as 10 000 kubieke meter water op te gaar.

(2) By skriftelike erkenning van ontvangs van die aansoek deur die Departement sal die persoon beskou word as 'n geregistreerde watergebruiker.

(3) Die geregistreeerde gebruiker moet voeldoen aan enige regulasie wat gepromulgeer is ingevolge artikel 26(1)(c) van die Nasionale Waterwet.

Voorkomende praktyke

1.9.(1) Die geregistreeerde gebruiker moet verseker dat 'n dam aan die vereistes van Hoofstuk 12 van die Nasionale Waterwet voldoen.

(2) Die geregistreeerde gebruiker moet aanvaarbare konstruksie-, instandhoudings- en bedryfspraktyke volg om die konsekwente, doeltreffende en veilige uitvoering van die onttrekking en opgaring van water te verseker.

(3) Waar water in 'n waterloop opgegaar word, moet die geregistreeerde gebruiker redelike maatreëls tref om te verseker dat die beweging van waterspesies nie verhinder word nie, met inbegrip van daardie spesies wat gewoonlik deur die waterloop migreer.

Rekordhouding en bekendmaking van inligting

1.10.(1) Die geregistreeerde gebruiker moet die instelling verseker van moniteringsprogramme om die hoeveelheid water te meet wat onttrek en/of opgegaar word, soos volg-

- (a) die hoeveelheid grondwater of oppervlakwater wat onttrek word, moet gemeet word en die totaal soos op die laaste dag van elke maand aangeteken word;
- (b) in die geval van besproeiing en waar geen meter of maat gebruik word nie, kan die hoeveelheid water wat onttrek word, bereken word volgens metodes voorgeskryf deur die Verantwoordlike Gesag; en
- (c) die hoeveelheid water wat opgegaar word, moet aangeteken word soos op die laaste dag van elke maand.

(2) Op skriftelik versoek van die Verantwoordlike Gesag, moet die geregistreeerde gebruiker-

- (a) die instelling van enige bykomende moniteringsprogramme verseker; en
- (b) 'n bevoegde persoon aanstel om die watergebruikmetings te evalueer wat ingevolge hierdie magtiging gedoen word, en om die bevindings aan die Verantwoordlike Gesag vir evaluering voor te lê.

(3) Behoudens paragraaf 1.10.(2) hierbo moet die geregistreerde gebruiker vir minstens vyf jaar 'n skriftelike rekord hou van alle onttrekking en opgaring van oppervlak- of grondwater, welke inligting op skriftelike versoek aan die Verantwoordelike Gesag beskikbaar gestel moet word.

Inspeksies

1.11. Enige eiendom of grond ten opsigte waarvan 'n watergebruik ingevolge hierdie kennisgewing gemagtig is, moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n persoon gemagtig ingevolge artikel 125 van die Nasionale Waterwet.

Misdrywe

1.12. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie magtiging oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is onderworpe aan 'n straf uiteengesit in artikel 151(2) van die Nasionale Waterwet.

NOTA: Inligting ten opsigte van dreineringsgebiede verwys na in Tabelle 1.1, 1.2 en 1.3 kan van die Departement op skriftelike versoek verkry word.

TABEL 1.1 Gebiede uitgesluit van Algemene Magtiging vir onttrekking van oppervlakwater

Primêre dreineringsgebied	Sekondêre/Tersiêre/kwaternêre dreineringsgebied en uitgeslote hulpbronne	Beskrywing vir inligtingsdoeleindes van hoofrivier in die dreineringsgebied
A	Alle opvanggebiede	Limpoporivier
B	Alle opvanggebiede	Olifantsrivier
C	C10, C20, C40, C50, C60, C70, C80, C90	Vaalrivier
D	Oranjerivier, stroomaf van die Gariepdam	
	D13	Kraairivier
E	Olifantsrivier	
	E10A tot K	Olifantsrivier stroomop die samevloeiing met die Doringrivier
	E21	Grootrivier
G	G10 G21 G22 G30 G40A tot E G40L & M	Bergrivier Diepriver Eersterivier Verlorevleirivier Botrivier Kleinrivier, Uilkraalsrivier
H	H20A, B, D, E, F, G & H H30 H40 H60A, B & C H80A tot E	Hexrivier Kingnarivier Breederivier stroomaf van die Brandvleidam tot by die samevloeiing met die Kingnarivier Sytakke van die Sonderendrivier stroomop van die Theewaterskloofdam Duivenhoksrivier
J	J12 J25 J31 tot 35 J40C	Touwsrivier Gamkarivier Olifantsrivier Langtou- en Weyersrivier
K	K10 K20 K40C K50 K60 K70B K80A tot F K90A tot G	Klein-Brakrivier Groot-Brakrivier Karatarivier Knysnarivier Keurboomsrivier Bloukransrivier Lottering-, Storms-, Sandrif-, Groot-, Tsitsikamma, en Klippedrifrivier Kromme-, Seekoei- en Kabeljousrivier
L	L81 L82 L90	Baviaanskloofrivier Kougarivier Laer-Gamtoosrivier

Primêre dreineringsgebied	Sekondêre/Tersiêre/kwaternêre dreineringsgebied en uitgeslote hulpbronne	Beskrywing vir inligtingsdoeleindes van hoofrivier in die dreineringsgebied
M	M10 M20 M30	Swartkopsrivier Maitlandrivier Van Stadensrivier
N	Sondagsrivier stroomaf van die Darlingtondam Skoenmakersrivier stroomaf dir Skoenmakerscanal Uitlaat N11, N12 N12A, B & C	Sondagsrivier stroomop die Vanryneveldspasdam Gatsrivier
P	P10 P30 P40	Bushmansrivier Kowierivier Kariegarivier
Q	Groot-Visrivier, Klein-Visrivier Q41A, Q41B, Q41C, Q41D, Q44A, Q44B Q42A & B Q43A & B Q44A & B	Tarkarivier Elandsrivier Vlekpoortrivier Meer Authur
R	R20 R30A, B, C & D R30E & F	Buffelsrivier Kwenxura-, Kwelera- en Gonubieriviere Nahoonrivier
S	S10 A to E S20A to C S32A to C S32D & E S32F S40A, B & C S50A, B & C S60A & B S60C & D S70C	Witkeirivier stroomop van die Xonxadam Indwerivier stroomop van die Lubisidam Swartkeirivier stroomop met die samevloeiing van die Klipplaatrivier Klipplaatrivier stroomop van die Waterdowndam Oskraalrivier stroomop van die Oskraaldam Thorn- en Thomasrivier Tsomo-, Kwa-Qokwama- en Mbokotwariviere Kubusirivier stroomop van die Wiggleswadedam Toiserivier Xilinxarivier stroomop van die Xilinxadam
T	T11A & B T20A & B T35A, B, C, D, F & G	Slang- en Xukariviere Mtatarivier stroomop van die Mtatadam Tsitsa-, Pot-, Mooi-, Inxu-, Wildebees- en Gatbergrieviere
U	U20 & U40	Mgenirivier, Mvotirivier
V	V11 V20 V60 V70	Bo-Thukelarivier Moorivier Sondagsrivier Bushmanrivier
W	W12 W21A W30	Mhlatuzerivier Wit-Mfolozirivier stroomop van die Klipfonteindam Hluhluwe- en Mkuzirivier
X	Alle opvangebiede	Nkomatirivier

TABEL 1.2 Ondergrondse Staatswaterbeheergebiede uitgesluit van Algemene Magtiging vir onttrekking van grondwater

Primêre dreineringsgebied	Tersiêre/kwaternêre dreineringsgebied	Beskrywing van ondergrondse staatswater-beheergebied	Goewermements-kennisgewing No.	Datum van Staatskoerant
H	H30	Baden	136	1967-06-16
A	A30	Bo-Molopo	1324	1963-08-30
C	C30	Bo-Molopo	1993	1965-12-17
D	D41	Bo-Molopo	R. 634	1966-04-29
A	A24	Krokodilriviervallei	208	1981-10-23
A	A21	Krokodilriviervallei	18	1983-02-18
A	A21, A22	Kroondal-Marikana	180	1963-06-17
G	G10, G30	Laer-Bergriviervallei/ Saldanha	185	1976-09-10
A, B	A60, B50, B31	Nylriviervallei	56	1971-03-26
G	G30	Strandfontein	2463	1988-12-09

Primêre dreineringsgebied	Tersiêre/ kwaternêre dreineringsgebied	Beskrywing van ondergrondse staatswater-beheergebied	Goewermements-kennisgewing No.	Datum van Staatskoerant
M	M10, M20, M30	Uitenhage	260	1957-08-23
G	G30	Wadrif	992	1990-05-11
G	G20	Yzerfontein	27	1990-02-09
G	G30	Graafwater	1423	1990-06-29
A	A70	Dendron-Vivo	813	1994-04-29
A	A60	Dorpsrivier	312	1990-02-16
C	C24	Ventersdorp	777	1995-06-02

TABEL 1.3 Grondwateronttrekkingsones: Tersiêre en Kwaternêre dreineringsgebied

SONE A Geen water mag van hierdie dreineringsgebiede onttrek word nie behalwe soos uiteengesit in Bylae 1 van die Nasionale Waterwet	SONE B 60 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede		SONE C 300 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede		SONE D 750 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede
A10C	A10A,B	J13 – alle	A21D,L	T12,T13 – alle	A21A,B
A24J	A21C,E,F,G,H,J,K	J21A	A22J	T20A,B,C	C22B,D
A32D,E	A22A,B,C,D,E,F,G,H	J22A,B,C,D,G	A23B,C,F,G,H,J,K,L	T31A,B,C,D,F,G,H	E10A,B,C
A63A	A23A,D,E	J23E	A24A	T33E,F,G	G10A,B,E,G
A71K,L	A24D,E,F,H	J24A,F	A24B,C,G	T34G,H	G21B
A80G,J	A31A,B,D,E,F,G,H,J	J31D	A31C	T35E,H,J,K	G22A,B,C,D,F
A92D	A32,A,B,C	J32E	A61D,E	T40F,G	G40A,B,C,D,E,G,H,J,L,M
D41C,E,F,H,K,M	A41A,B,C,D,E	J33A,B,C,D	A91B,C,D,E,F	T51A,B,D,E,F,G	G50A,B,E,F
D42 – alle	A42,A50 – alle	J34B,E,F	B11,B12 – alle	T52M	H10B,C,E,G,J,K,L
D53D,E,F,G,H,J	A61A,B,C,F,G,H,J	J35B	B20A,D,G,H,J	T70D	H20B,C,D,E,F,G
D57C,D,E	A62 – alle	J40A,C,D,E	B31A,B,C,D,E,F,G,H	T80,T90	H30C
D73C,D,E	A63B,C,D,E	K10A	B32A,B,C,G,J	U10A,B,C,D,M	H40K
D81A,B,C,D,E,F,G	A71A,B,C,D,E,F,G,H,J	L11 – alle	B51C,H	U20L,M	H60A,B,C
D82 – alle	A72 – alle	L12B	B60A,B,C,D,H,J	U30A,B,D	H70D
E22D,E	A80A,B,C,D,E,F,H	L21,L22,L23	B71A,C,F,G,H	U40D,E,G,H,J	H80A,B,C,E,F
E23C,D,F,G,H,J,K	A91A,G,H,J,K	L30,L40,L50,L60	B72A,B,C,D,E,F,G,H	U50A	H90A,B,C,E
E24D,G,H	A92A,B,C	L70A,B,C,D,E,F	B73A	U70E	J12A
E31 – alle	B20B,C,E,F	M10C,D	B81A,B,C,D	U80 – alle	J31A,B,C
E33A,B,D,E,H	B31J	M30 – alle	B82A,B,C,D,E,F	V11A,B,E,G	J34A,C,D
F10A,B,C	B32D,E,F,H	N11,N12,N13,N14,N21,N22	C11A,B,C,D,E,F,G,H,J,K	V13A	J40B
F20A,B,C,D,E	B41,B42 – alle	N23A,B	C12A,D,E,F,G,H,K,L	V20A,B,C,H	K10C,E
F30B,E,F,G	B51A,B,E,F,G	N24 – alle	C13C,E,F,G,H	V31C,D,G,H,J,K	K30D
F40 – alle	B52 – alle	N30,N40 – alle	C21A,B,C,D,E,G	V32 – alle	K40A,B,C,E
F50D,F,G	B60E,F,G	P10,P30,P40 – alle	C22C,E,F,K	V33A	K50,K60,K70,K80 – alle
F60A,B,C,D	B71B,D,E,J	Q11,Q12,Q13,Q14,Q21,Q22,Q30 – alle	C23B,C,D,E,F,G,H	V40B,D,E	K90A,B,C
J11G,J	B72J,K	Q41C,D	C24 – alle	V50A,B,D	L70G
J21B,C,D,E	B73B,C,D,E,F,G,H,J	Q42,Q43,Q44 – alle	C25A,D	V60A,B,C,D,E,F,G,H	L81,L82 – alle
J22E,F,H,J,K	B81E,F,G,H,J	Q50,Q60,Q70,Q80 – alle	C31A,B,C,D,E	V70A,B,C,D	M10A,B
J23A,B,C,D,F,G,H	B82G,H,J	Q91 – alle	C32D	W11B,C	M20A
J24B,C,D,E	B83,B90 – alle	Q92C,E,F,G	C33 – alle	W12B,E	P20B
J32A,B,C,D	C11L,M	Q93B,C,D	C41A,B,D,E	W13A,B	T52L
L12A,C,D	C12B,C,J	R50B	C42A,B,C,D,E,F,G,H,J,K	W21A,B,D	T60D,E,G,H
	C13A,B,D	S10A,B,C,D	C60A,B,C,D,E,F	W21G,H,J	U20K
	C21F	S20A,B	C70A,B,J	W22A	U30C,E
	C22A,G,H,J	S31A,B,C	C81 – alle	W31A	U40C,F
	C23A,J,K,L	S50A,B,C,D	C82A,B,C,D,E,F,G	W41A,B,C	U60C,D,E,F
	C24B	T11A,B,D,E	C83A,B,C,D,E,F,G,H,J,K,L	W41D	U70C,D,F
	C25B,C,E,F	T20D,E,F,G	C92 – alle	W42A,B,C,D,F,M	V50C

SONE A Geen water mag van hierdie dreineringsgebiede onttrek word nie behalwe soos uiteengesit in Bylae 1 van die Nasionale Waterwet	SONE B 60 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede		SONE C 300 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede		SONE D 750 m ³ per hektaar per jaar mag onttrek word van hierdie dreineringsgebiede
	C31F	T31J	D13A,B,C,D,E,F,K	W51A,B,C,D	W11A
	C32A,B,C	T32 – alle	D16A	W52A,B,C	W12C,F,J
	C41C,F,G,H,J	T33A,B,C,D,H,J,K	D21D,E,F,G,H,L	W53A,B	W23C,D
	C42L	T34A,B,C,D,E,F,J,K	D22A,B,D,G,H,L	W54,W55 – alle	W31J,L
	C43	T35A,B,C,D,F,G,L,M	D41A,G,L	W56A,B	W32A,B,F,H
	C51,C52 – alle	T36 – alle	E10D,E,F,G,H,J,K	W57J	W43F
	C60G,H,J	T40A,B,C,D,E	E21H,J,K	X11A,B,C	W45 – alle
	C70C,D,E,F,G,H,K	T51C,H,J	E24A,L,M	X11H,J,K	W57K
	C82H	T52A,B,C,D,E,F,G,H,J,K	E40D	X12 – alle	W70A
	C83M	T60A,B,C,F,J,K	G10C,D,F,H,J,K,L,M	X13A	
	C91,D12 – alle	T70A,B,C,E,F,G	G21A,C,D,E,F	X14A,B,D,E,G,H	
	D13G,H,J,L,M	U10E,F,G,H,J,K,L	G22E,G,H,J,K	X21H,K	
	D14 – alle	U20A,B,C,D,E,F,G,H,J	G30A,B,C,D,E,F,G	X22B,C,D,E,F,G,H,J,K	
	D15G,H	U40A,B	G40F,K	X23 – alle	
	D18K,L	U60A,B	G50C	X24A,B,C,D	
	D23A,C,D,E,F,G,H,J	U70A,B	H10D,F,H	X31A,B,C,D,E,F,G,H,J	
	D24 – alle	V11C,D,F,H,J,K,L,M	H20H	X32A,B,C,D,E,F	
	D32,D33,D34,D35 – alle	V12,V14 – alle	H30A,B,D,E		
	D41B,D,J	V13B,C,D,E	H40B,C,D,E,F,G,H,J,L		
	D51,D52 – alle	V20D,E,F,G,J	H50 – alle		
	D53A,B,C	V31A,B,E,F	H60D,E,F,G,H,J		
	D54,D55,D56 – alle	V33B,C,D	H70E,F		
	D57A,B	V40A,C	J23J		
	D58,D61,D62,D71,D72 – alle	V60J,K	J25 – alle		
	D73A,B,F	V70E,F,G	J33E,F		
	E21A,B,C,D,E,F,G,L	W12A,D,G,H	J35A,C,D,E,F		
	E22A,B,C,F,G	W21C,E,F,K,L	K10B,D,F		
	E23A,B,E	W22B,C,D,E,F,G,H,J,K,L	K20A		
	E24B,C,E,F,J,K	W23A,B	K30A,B,C		
	E32	W31B,C,D,E,F,G,H,K	K40D		
	E33C,F,G	W32C,D,E,G	K90D,E,F,G		
	E40A,B,C	W41E,F,G	L90 – alle		
	F30A,C,D	W42E,G,H,J,K,L	M20B		
	F50A,B,C,E	W44	P20A		
	F60E	W51E,F	Q41A,B		
	G30H	W52D	Q92A,B,D		
	G50D,G,H	W53C,D,E	Q93A		
	H10A	X11D,E,F,G	Q94 – alle		
	H20A	X13J,K,L	R10,R20,R30,R40 – alle		
	H40A	X21A,B,C,D,E,F,G,J	R50A		
	H60K,L	X22A	S10E,F,G,H,J		
	H70A,B,C,G,H,J,K	X24E,F,G,H	S20C,D		
	H80D	X31K,L,M	S31D,E,F,G		
	H90D	X32G,H,J	S32,S40,S60,S70 – alle		
	J11A,B,C,D,E,F,H,K	X33, X40 – alle	S50E,F,G,H,J		
	J12B,C,D,E,F,G,H,J,K,L,M		T11C,F,G,H		

2 DEELNAME AAN 'N BEHEERDE BEDRYWIGHEID WAT AS SODANIG IN ARTIKEL 37 (1) GEÏDENTIFISEER IS: BESPROEIING VAN ENIGE GROND MET AFVAL OF WATER WAT AFVAL BEVAT WAT DEUR ENIGE INDUSTRIËLE BEDRYWIGHEID OF 'N WATERWERK GEGENEREER IS

[Artikel 21(e)]

Doel van hierdie magtiging

2.1. Die magtiging wat ingevolge hierdie Bylae toegelaat word, vervang die nodigheid vir 'n watergebruiker om ingevolge die Nasionale Waterwet om 'n lisensie aansoek te doen, mits die besproeiing binne die perke en voorwaardes uiteengesit in hierdie magtiging is.

Uitsluiting

2.2. Hierdie magtiging is van toepassing op iemand wat die wettige bewoner van die grond is waarop die afvalwaterbesproeiing plaasvind.

Voldoening aan die Nasionale Waterwet en ander wette

2.3.(1) Hierdie magtiging—

- (a) vervang nie enige bestaande magtiging wat kragtens die Nasionale Waterwet erken word nie; of
- (b) stel nie iemand vry nie, wat water gebruik van voldoening aan enige bepaling van die Nasionale Waterwet, enige ander toepaslike wet, regulasie, ordonnansie of verordening nie, tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

(2) Iemand wat water ingevolge hierdie magtiging gebruik, word van voldoening aan artikel 22(2)(e) van die Nasionale Waterwet vrygestel.

Toepassingsgebied

2.4. Hierdie magtiging is oral in die Republiek van Suid-Afrika van toepassing, uitgesonderd enige ondergrondse Staatswaterbeheergebied soos omskryf in die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), voor die herroeping daarvan en uiteengesit in Tabel 2.1.

Duur van magtiging

2.5. Hierdie magtiging is geldig vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, tensy —

- (a) dit op enige hersieningsdatum gewysig word, welke hersieningsdatum met tussenposes van twee jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sal wees;
- (b) die tydperk by verdere kennisgewing in die *Staatskoerant* verleng word; of
- (c) daar van die watergebruiker vereis word om aansoek te doen om 'n lisensie ingevolge die Nasionale Waterwet.

Woordskrywing

2.6. In hierdie magtiging het enige woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis ingevolge die Nasionale Waterwet toegeken is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) **“bioafbreekbare industriële afvalwater”** afvalwater wat oorwegend organiese afval bevat wat afkomstig is van industriële bedrywigheide en persele, met inbegrip van —
 - (a) melkverwerking;
 - (b) die vervaardiging van vrugte- en groenteprodukte;
 - (c) suikermeule;
 - (d) die vervaardiging en botteling van koeldrank;
 - (e) waterbotteling;
 - (f) die produsering van alkohol en alkoholiese drankies in brouerye, wynkelders of mouthuise;
 - (g) die vervaardiging van dierevoer uit plant- of diereprodukte;
 - (h) die vervaardiging van gelatien en gom uit huide, velle en bene;
 - (i) abattoirs;
 - (j) visverwerking; en
 - (k) voerkrale;
- (ii) **“handelsbedrywigheid”** daardie bedrywigheide wat in die Standaardnywerheidsklassifikasie van Alle Ekonomiese Bedrywigheide (5de Uitgawe) deur die Sentrale Statistiekdiens, 1993 gepubliseer is, soos gewysig en aangevul, onder die volgende kategorieë-
 - a) 6: groot- en kleinhandel,
 - b) 7: vervoer, opberging en kommunikasie,
 - c) 8: besigheidsdienste,
 - d) 9: gemeenskap, sosiale en persoonlike dienste,
 - e) 0: persoonlike en ander dienste;
- (iii) **“huishoudelike afvalwater”** afvalwater wat afkomstig is van huishoudelike en handelsbedrywigheide en –persele, en wat riool kan bevat;
- (iv) **“besproeiing”** die toediening van afvalwater vir die doel van gewasproduksie, met inbegrip van die bewerking van weiveld;
- (v) **“moniteringsprogram”** ‘n program vir die gereelde neem van metings van die hoeveelheid en/of gehalte van ‘n waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting, met gespesifiseerde tussenposes, en op spesifieke plekke, vir die bepaling van die chemiese, fisiese en biologiese aard van die waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting;
- (vi) **“organiese afval”** afval van nie-antropogeniese oorsprong wat gereedelik bioafbreekbaar in die omgewing is en wat nie enige stowwe bevat wat in die omgewing kan akkumuleer nie;
- (vii) **“primêre behandeling”** die behandeling van afvalwater deur middel van ‘n fisiese proses, waarby deurweking, afsakking, skerming en grintverwydering betrokke kan wees;
- (viii) **“sekondêre behandeling”** die behandeling van afvalwater deur middel van ‘n biologiese proses, deur son- en ander energie, bakterieë, alge en ‘n verskeidenheid waterbiota, om organiese materiaal te verwyder;
- (ix) **“afvalwater”** water wat afval bevat, of water wat in aanraking was met afvalmateriaal.

Besproeiing met afvalwater

2.7. Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier of gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede soos uitgesluit in paragraaf 2.4 hierbo, kan op daardie eiendom of grond —

(1) tot en met 500 kubieke meter huishoudelike of bioafbreekbare industriële afvalwater op enige gegewe dag vir besproeiing gebruik, mits —

- (a) die elektriese geleidingsvermoë nie 200 milliSiemens per meter (mS/m) oorskry nie;
- (b) die pH nie minder as 6 of meer as 9 pH-eenhede is nie;
- (c) die chemiese suurstofbehoefte (CSB) nie 400 mg/l na die verwydering van alge oorskry nie;
- (d) fekale kolivorms nie 100 000 per 100 ml oorskry nie; en
- (e) die natriumadsorpsieratio (NAR) nie 5 vir bioafbreekbare industriële afvalwater oorskry nie.

(2) tot en met 50 kubieke meter bioafbreekbare industriële afvalwater op enige gegewe dag vir besproeiing gebruik, mits —

- (a) die elektriese geleidingsvermoë nie 200 milliSiemens per meter (mS/m) oorskry nie;
- (b) die pH nie minder as 6 of meer as 9 pH-eenhede is nie;
- (c) die chemiese suurstofbehoefte (CSB) nie 5 000 mg/l na die verwydering van alge oorskry nie;
- (d) fekale kolivorms nie 100 000 per 100 ml oorskry nie; en
- (e) die natriumadsorpsieratio (NAR) nie 5 vir bioafbreekbare industriële afvalwater oorskry nie.

Registrasie van besproeiing met afvalwater

2.8.(1) Iemand wat ingevolge hierdie magtiging met afvalwater besproei, moet 'n registrasievorm wat van die Departement verkrygbaar is, vir die registrasie van watergebruik indien voor die aanvang van besproeiing indien meer as 10 kubieke meter afvalwater op enige gegewe dag vir besproeiing gebruik word.

(2) By skriftelike erkenning van ontvangs van die aansoekvorm deur die Departement sal die persoon beskou word as 'n geregistreerde watergebruiker.

(3) Die geregistreeerde gebruiker moet voeldoen aan enige regulasie wat gepromulgeer is ingevolge artikel 26(1)(c) van die Nasionale Waterwet.

Ligging van besproeiing met afvalwater

2.9. Afvalwaterbesproeiing ingevolge hierdie magtiging word slegs toegelaat —

- (a) indien die besproeiing plaasvind bokant die 100 jaar-vloedlyn of, alternatiewelik, meer as 100 meter vanaf die rant van die waterhulpbron of 'n boorgat wat gebruik word vir drinkwater of veesuiping; en
- (b) op grond wat nie 'n hoofakwifer is of daarvoor geleë is nie (identifisering van 'n hoofakwifer sal deur die Departement op skriftelike versoek, voorsien word).

Rekordhouding en bekendmaking van inligting

2.10.(1) Die geregistreeerde gebruiker moet die instelling verseker van moniteringsprogramme om die hoeveelheid en gehalte van die afvalwater wat vir besproeiing gebruik word, te monitor voor die aanvang van besproeiing, soos volg-

- (a) die hoeveelheid moet gemeet word en die totaal weekliks aangeteken word; en

- (b) die hoeveelheid moet maandeliks op die laaste dag van elke maand gemoniteer word deur blindemonsterneming op die punt waar die afvalwater die besproeiingstelsel binnegaan, vir alle parameters in subparagraaf 2.7(1) gelys.

(2) Die metode van meting van spesifieke stowwe en parameters in enige afvalwater moet uitgevoer word —

- (a) deur 'n laboratorium wat kragtens die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkrediteringstelsel (SANAS) ingevolge SABS Kode 0259 geakkrediteer is vir daardie metode; of
- (b) soos skriftelik deur die Minister goedgekeur.

(3) Op skriftelike versoek van die Verantwoordelike Gesag, moet die geregistreerde gebruiker —

- (a) die instelling van enige bykomende moniteringsprogramme verseker; en
- (b) 'n bevoegde persoon aanstel om die watergebruiksmetings wat ingevolge hierdie magtiging gemaak is, te evalueer en om die bevindings aan die Verantwoordelike Gesag vir evaluering voor te lê.

(4) Behoudens paragraaf 2.10.(3) hierbo moet die geregistreerde gebruiker vir minstens drie jaar 'n skriftelike rekord hou van die volgende afvalwaterbesproeiings- en verwante bedrywighede-

- (a) die ligging en omvang van die gebied onder besproeiing, afgebaken op 'n 1:50 000-topografiekaart;
- (b) besonderhede van die gewas(se) en die gebied onder besproeiing;
- (c) die besproeiingsbestuurstechnieke wat toegepas word;
- (d) die hoeveelheid afvalwater wat vir besproeiing gebruik word;
- (e) die gehalte van die afvalwater wat vir besproeiing gebruik word;
- (f) besonderhede van die moniteringsprogram;
- (g) besonderhede van faling en foutwerkings in die besproeiingstelsel en besonderhede van maatreëls getref; en

sodanige inligting moet op skriftelike versoek aan die Verantwoordelike Gesag beskikbaar gestel word.

(5) Enige inligting oor die voorkoms van 'n voorval wat 'n nadelige uitwerking op die waterhulpbrongehalte het of waarskynlik sal hê, moet aan die Verantwoordelike Gesag gerapporteer word.

Voorkomende praktyke

2.11.(1) Die geregistreerde gebruiker moet aanvaarbare konstruksie- instandhoudings- en bedryfspraktyke volg om die konsekwente, doeltreffende en veilige werking van die afvalwaterbesproeiingstelsel te verseker, met inbegrip van —

- (a) die versuiping van die grond en poelvorming van water op die oppervlak van die grond;
- (b) lastige toestande soos vlieë of muskiete, reuke of sekondêre besoedeling;
- (c) die binnedring van enige oppervlakwaterhulpbron deur afval, of afvalwater;
- (d) die onredelike chemiese of fisiese aftakeling van, of enige ander skade aan, die grond van die besproeiingsterrein; en
- (e) die ongemagtigde gebruik van die afvalwater deur lede van die publiek.

(2) Alle redelike maatreëls moet getref word vir die opgaring van die afvalwater wat vir besproeiing gebruik word wanneer besproeiing nie onderneem kan word nie.

(3) Swewende vaste stowwe moet uit afvalwater verwyder word en die gevolglike slyk weggedoen word volgens die vereistes van enige tersaaklike wet of regulasies, insluitend-

- (a) "Toelaatbare gebruik en wegdoening van rioolslyk" Uitgawe 1, 1997. Waternavoringskommissie Verslag No TT 85/97 Gids; en
- (b) "Gids: Toelaatbare gebruik en wegdoening van behandelde riooluitvloei" 1978. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkelings verslag No. 11/2/5/3 (verkrygbaar van die Departement op skriftelike versoek).

(4) Alle redelike maatreëls moet getref word vir meganiese, elektriese, bedryfs- of prosesfalings en – foutwerkings van die afvalwaterbesproeiingstelsel.

(5) Alle redelike maatreëls moet getref word om afloopstormwater te versamel wat afval of afvalwater bevat wat afkomstig is van die gebied onder besproeiing en om dit vir latere wegdoening te behou.

Inspeksies

2.12. Enige eiendom of grond ten opsigte waarvan 'n watergebruik ingevolge hierdie kennisgewing gemagtig is, moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n gemagtigde persoon ingevolge artikel 125 van die Nasionale Waterwet.

Misdrywe

2.13. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie magtiging oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is onderworpe aan die straf uiteengesit in artikel 151(2) van die Nasionale Waterwet.

NOTA: Inligting ten opsigte van dreineringsgebiede verwys na in Tabel 2.1 kan van die Departement op skriftelike versoek verkry word.

TABEL 2.1 Ondergrondse Staatswaterbeheergebiede uitgesluit van Algemene Magtiging om met afval te besproei

Primêre dreineringsgebied	Tersiêre/kwaternêre opvanggebied	Beskrywing van ondergrondse Staatswater-beheergebied	Goewermements-kennisgewing No.	Datum van Staatskoerant
H	H30	Baden	136	1967-06-16
A	A30	Bo-Molopo	1324	1963-08-30
C	C30	Bo-Molopo	1993	1965-12-17
D	D41	Bo-Molopo	R. 634	1966-04-29
A	A24	Krokodilriviervallei	208	1981-10-23
A	A21	Krokodilriviervallei	18	1983-02-18
A	A21, A22	Kroondal-Marikana	180	1963-06-17
G	G10, G30	Laer-Bergriviervallei/Saldanha	185	1976-09-10
A, B	A60, B50, B31	Nylriviervallei	56	1971-03-26
G	G30	Strandfontein	2463	1988-12-09
M	M10, M20, M30	Uitenhage	260	1957-08-23
G	G30	Wadrif	992	1990-05-11
G	G20	Yzerfontein	27	1990-02-09
G	G30	Graafwater	1423	1990-06-29
A	A70	Dendron-Vivo	813	1994-04-29
A	A60	Dorpsrivier	312	1990-02-16
C	C24	Ventersdorp	777	1995-06-02

3 DIE STORTING VAN AFVAL OF WATER BEVATTENDE AFVAL IN 'N WATERHULPBRON DEUR MIDDEL VAN 'N PYP, KANAAL, RIOOL OF ANDER GELEIDING; EN WEGDOENING OP ENIGE WYSE VAN WATER WAT AFVAL BEVAT VAN, OF WAT VERHIT IS IN, 'N INDUSTRIËLE OF KRAGOPWEKKINGSPROSES

[Artikel 21(f) en (h)]

Doel van hierdie magtiging

3.1. Die magtiging wat ingevolge hierdie Bylae toegelaat word, vervang die nodigheid vir 'n watergebruiker om ingevolge die Nasionale Waterwet om 'n lisensie aansoek te doen, mits die storting binne die perke en voorwaardes uiteengesit in hierdie magtiging is.

Uitsluiting

3.2. Hierdie magtiging is nie van toepassing op enigiemand wat afvalwater deur see-uitlope stort, of na 'n akwifere, of enige ander grondwaterhulpbron nie.

Voldoening aan Nasionale Waterwet en ander wette

3.3.(1) Hierdie magtiging —

- (a) is nie van toepassing op enige watergebruik kragtens Bylae 1 van die Nasionale Waterwet nie;
- (b) vervang nie enige bestaande magtiging wat kragtens die Nasionale Waterwet erken word nie;
- (c) stel nie iemand van voldoening aan artikel 7(2) van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 van 1997) vry nie; of
- (d) stel nie iemand vry nie, wat water gebruik van voldoening aan enige ander bepaling van die Nasionale Waterwet, of van enige ander toepaslike wet, regulasie, ordonnansie of verordening nie, tensy anders in hierdie kennisgewing vermeld.

(2) Iemand wat water ingevolge hierdie magtiging gebruik, word van voldoening aan artikel 22(2)(e) van die Nasionale Waterwet vrygestel.

Toepassingsgebied

3.4 Hierdie magtiging is oral in die Republiek van Suid-Afrika van toepassing, uitgesonderd die gebiede uiteengesit in Tabel 3.1.

NOTA: Inligting ten opsigte van dreineringsgebiede verwys na in Tabel 3.1 kan van die Departement op skriftelike versoek verkry word.

TABEL 3.1 Gebiede uitgesluit van Algemene Magtiging vir storting in waterhulpbronne

Primêre dreineringsgebied	Tersiêre dreineringsgebied	Beskrywing van hoofrivier in dreineringsgebied
B	B11, B12 B20 B31, B32 B41, B42 B60	Olifantsrivier Wilgerivier Olifantsrivier Steelpoortrivier Blyderivier
W	W51, W52, W53, W54, W55, W56, W57	Usuturivier
X	X11, X12, X13, X14 X21, X22, X23, X24 X31, X32, X33 X40	Nkomatirivier

Duur van magtiging

3.5.(1) Hierdie magtiging is geldig vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van hierdie kennisgewing, tensy —

- (a) dit op enige hersieningsdatum gewysig word, welke hersieningsdatum met tussenposes van twee jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sal wees;
- (b) die tydperk verleng word by verdere kennisgewing in die *Staatskoerant*; of
- (c) daar van die watergebruiker vereis word om aansoek te doen om 'n lisensie ingevolge die Nasionale Waterwet.

Woordomskrywing

3.6. In hierdie magtiging het enige woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis ingevolge die Nasionale Waterwet toegeken is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) **“handelsbedrywigheid”** daardie bedrywigheede wat in die Standaardnywerheidsklassifikasie van Alle Ekonomiese Bedrywigheede (5de Uitgawe) deur die Sentrale Statistiekdiens, 1993 gepubliseer is, soos gewysig en aangevul, onder die volgende kategorieë-
 - a) 6: groot- en kleinhandel,
 - b) 7: vervoer, opberging en kommunikasie,
 - c) 8: besigheidsdienste,
 - d) 9: gemeenskap, sosiale en persoonlike dienste,
 - e) 0: persoonlike en ander dienste;
- (ii) **“kompleks industriële afvalwater”** afvalwater wat afkomstig is van industriële bedrywigheede en persele, wat die volgende bevat-
 - a) 'n Komplekse mengsel van stowwe wat moeilik of onprakties is om chemies gekenmerk of gekwantifiseer te word;
 - b) een of meer stowwe waarvoor 'n afvalwaterlimietwaarde nie gespesifiseer is nie en wat skadelik of potensieel skadelik kan wees vir menslike gesondheid of die waterhulpbron (identifisering van kompleks industriële afvalwater sal op skriftelike versoek deur die Departement voorsien word);
- (iii) **“huishoudelike afvalwater”** afvalwater wat afkomstig is van huishoudelike en handelsbedrywigheede en –persele, en wat riool kan bevat;
- (iv) **“storting van huishoudelike afvalwater”** 'n storting van afvalwater wat bestaan uit 90% of meer huishoudelike afvalwater per volume wat versamel en behandel word en vervolgens weggedoen word;
- (v) **“industriële bedrywigheid”** daardie bedrywigheede wat in die Standaardnywerheidsklassifikasie van Alle Ekonomiese Bedrywigheede (5de Uitgawe) deur die Sentrale Statistiekdiens, 1993 gepubliseer is, soos gewysig en aangevul, onder die volgende kategorieë-
 - a) 2: mynbou en klipgroefwerk;
 - b) 3: vervaardiging;
 - c) 4: elektrisiteits-, gas- en watervoorsiening;
 - d) 5: bouwerk;
- (vi) **“storting van industriële afvalwater”** 'n afvalwaterstorting wat bestaan uit meer as 10% industriële afvalwater per volume wat versamel en behandel word en vervolgens weggedoen word;
- (vii) **“inlaat”** water geneem uit 'n waterhulpbron, uitgesonderd water geneem uit enige ander bron wat nie 'n waterhulpbron is nie;

- (viii) **“moniteringsprogram”** ‘n program vir die gereelde neem van metings van die hoeveelheid en/of gehalte van ‘n waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting, met gespesifiseerde tussenposes, en op spesifieke plekke, om die chemiese, fisiese en biologiese aard van die waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting te bepaal;
- (ix) **“gelyste waterhulpbronne”** daardie waterhulpbronne gelys in Tabel 3. 4, en ook enige sytak van ‘n gelyste waterhulpbron, en enige waterhulpbron wat die opvanggebied van ‘n gelyste waterhulpbron dreineer;
- (x) **“afvalwater”** water wat afval bevat, of water wat in aanraking was met afvalmateriaal;
- (xi) **“afvalwaterlimietwaarde”** die massa uitgedruk in terme van die konsentrasie en/of vlak van ‘n stof wat te gener tyd oorskry mag word nie. Afvalwaterlimietwaardes is van toepassing op die laaste punt waar die afvalwater ‘n waterhulpbron binnegaan, sonder inagneming van oplossing wanneer voldoening aan afvalwaterlimietwaardes bepaal word. Waar storting van afvalwater ‘n waterhulpbron nie regstreeks binnegaan nie, is die afvalwaterlimietwaardes van toepassing op die punt waar die afvalwater die versamelings- en behandelingsperseel verlaat.

Storting van huishoudelike en industriële afvalwater in waterhulpbronne

3.7.(1) Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier of gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede soos uitgesluit in paragraaf 3.4 hierbo kan op daardie eiendom of grond —

(a) tot en met 2 000 kubieke meter afvalwater op enige gegewe dag in ‘n waterhulpbron, wat **nie** ‘n gelyste waterhulpbron bedoel in Tabel 3.4 is nie, stort, mits —

- (i) die storting voldoen aan die afvalwaterlimietwaardes uiteengesit in Tabel 3.2;
- (ii) die storting nie die natuurlike omringende watertemperatuur van die ontvangende waterhulpbron met meer as 3 grade celsius wysig nie; en
- (iii) die storting nie kompleks industriële afvalwater is nie.

(b) tot en met 2 000 kubieke meter afvalwater op enige gegewe dag in ‘n waterhulpbron bedoel in Tabel 3.4 stort, mits —

- (i) die storting voldoen aan die afvalwaterlimietwaardes uiteengesit in Tabel 3.2;
- (ii) die storting nie die natuurlike omringende watertemperatuur van die ontvangende waterhulpbron deur meer as 2 grade celsius wysig nie; en
- (iii) die storting nie kompleks industriële afvalwater is nie.

(2) Iemand mag afloopstormwater van enige perseel wat nie afval of afvalwater bevat wat uit industriële bedrywighede en persele afkomstig is, in ‘n waterhulpbron stort.

TABEL 3.2 Afvalwaterlimietwaardes van toepassing op storting van afvalwater in waterhulpbronne

STOF/PARAMETER	ALGEMENE LIMIET*	SPESIALE LIMIET*
Fekale kolivorms (per 100 ml)	1 000	0
Chemiese suurstofbehoefte (mg/l)	75*	30*
pH	5,5 – 9,5	5,5 – 7,5

STOF/PARAMETER	ALGEMENE LIMIET*	SPEZIALE LIMIET*
Ammoniak (geïoniseerd en ongeïoniseerd) as stikstof (mg/l)	3	2
Nitraat/nitriet as stikstof (mg/l)	15	1,5
Chloor as vrye chloor (mg/l)	0,25	0
Swewende vaste stowwe (mg/l)	25	10
Elektriese geleidingsvermoë (mS/m)	70 mS/m bokant inlaat tot op 'n maksimum van 150 mS/m	50 mS/m bokant agtergrond-ontvangende water tot op 'n maksimum van 100 mS/m
Ortofosfaat as fosfor (mg/l)	10	1 (mediaan) en 2,5 (maksimum)
Fluoried (mg/l)	1	1
Seep, olie of ghries (mg/l)	2,5	0
Opgeloste arseen (mg/l)	0,02	0,01
Opgeloste kadmium (iv)(mg/l)	0,005	0,001
Opgeloste chroom (mg/l)	0,05	0,02
Opgeloste koper (mg/l)	0,01	0,002
Opgeloste sianied (mg/l)	0,02	0,01
Opgeloste yster (mg/l)	0,3	0,3
Opgeloste lood (mg/l)	0,01	0,006
Opgeloste mangaan (mg/l)	0,1	0,1
Kwik en sy verbindings (mg/l)	0,005	0,001
Opgeloste seleen (mg/l)	0,02	0,02
Opgeloste sink (mg/l)	0,1	0,04
Boor (mg/l)	1	0,5

* na verwydering van alge

Registrasie van storting in waterhulpbronne

3.8.(1) Iemand wat ingevolge hierdie magtiging afvalwater in 'n waterhulpbron stort, moet 'n registrasievorm wat van die Departement verkrygbaar is, vir die registrasie van watergebruik indien voor die aanvang van die storting.

(2) By skriftelike erkenning van ontvangs van die aansoek deur die Departement word die persoon geag 'n geregistreerde watergebruiker te wees.

(3) Die geregistreerde gebruiker moet voeldoen aan enige regulasie wat gepromulgeer is ingevolge artikel 26(1)(c) van die Nasionale Waterwet.

Rekordhouding en bekendmaking van inligting

3.9.(1) Die geregistreerde gebruiker moet die instelling verseker van moniteringsprogramme om die hoeveelheid en gehalte van die storting te moniteer voor die aanvang van die storting, soos volg-

- (a) die hoeveelheid van die storting moet gemeet word en die totaal weekliks aangeteken word.
- (b) die hoeveelheid huishoudelike afvalwater moet maandeliks gemoniteer word deur blindemonsterneming, soos uiteengesit in Tabel 3.3.

TABEL 3.3 Moniteringsvereistes vir storting van huishoudelike afvalwater

STORTINGSVOLUME OP ENIGE GEGEWE DAG	MONITERINGSVEREISTES
< 10 kubieke meter	Geen
10 tot 100 kubieke meter	pH Elektriese geleidingsvermoë (mS/m) Fekale kolivorms (per 100 ml)
100 tot 1 000 kubieke meter	pH Elektriese geleidingsvermoë (mS/m) Fekale kolivorms (per 100 ml) Chemiese suurstofbehoefte (mg/l) Ammoniak as stikstof (mg/l) Swewende vaste stowwe (mg/l)
1 000 tot 2 000 kubieke meter	pH Elektriese geleidingsvermoë (mS/m)

STORTINGSVOLUME OP ENIGE GEGEWE DAG	MONITERINGSVEREISTES
	Fekale kolivorms (per 100 ml) Chemiese suurstofbehoefte (mg/l) Ammoniak as stikstof (mg/l) Nitraat/nitriet as stikstof (mg/l) Vrye chloor (mg/l) Swewende vaste stowwe (mg/l) Ortofosfaat as fosfor (mg/l)

(c) Die gehalte van die storting van industriële afvalwater moet weekliks deur blindemonsterneming gemoniteer word —

(i) vir alle stowwe wat by die water gevoeg is deur enige industriële bedrywigheid;

(ii) vir alle stowwe wat in die water gekonsentreer is deur enige industriële bedrywigheid;

(iii) vir alle stowwe wat skadelik of potensieel skadelik vir menslike gesondheid of die waterhulpbron gehalte kan wees; en

(iv) soos uiteengesit in paragraaf 3.9.(1)(b) hierbo, indien die afvalwater enige huishoudelike afvalwater bevat.

(d) Die metode van meting van spesifieke stowwe en parameters in enige afvalwater moet uitgevoer word —

(i) deur 'n laboratorium wat kragtens die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkrediteringstelsel (SANAS) ingevolge SABS Kode 0259 geakkrediteer is vir daardie metode; of

(ii) soos skriftelik deur die Minister goedgekeur.

(2) Op skriftelike versoek van die Verantwoordelike Gesag, moet die geregistreerde gebruiker —

(a) die instelling van enige bykomende moniteringsprogramme verseker;

(b) 'n bevoegde persoon aanstel om die watergebruiksmetings wat ingevolge hierdie magtiging gemaak is, te evalueer en om die bevindings aan die Verantwoordelike Gesag vir evaluering voor te lê.

(3) Behoudens paragraaf 3.10.(2) hierbo moet die geregistreerde gebruiker vir minstens vyf jaar 'n skriftelike rekord hou van die volgende afvalwaterstortings- en verwante bedrywighe-

(a) die hoeveelheid afvalwater gestort;

(b) die gehalte van die afvalwater gestort;

(c) besonderhede van die moniteringsprogram(me);

(d) besonderhede van die falings en foutwerkings in die stortingstelsel en besonderhede van maatreëls getref, en

sodanige inligting moet op skriftelike versoek aan die Verantwoordelike Gesag beskikbaar gestel word.

(4) Enige inligting oor die voorkoms van 'n voorval wat 'n nadelige uitwerking op die waterhulpbrongehalte het of waarskynlik sal hê, moet aan die Verantwoordelike Gesag gerapporteer word.

Voorkomende praktyke

3.10.(1) Die geregistreerde gebruiker moet aanvaarbare konstruksie-, instandhoudings- en bedryfspraktyke volg om die konsekwente, doeltreffende en veilige werking van die afvalwaterbesproeiingstelsel te verseker.

(2) Alle redelike maatreëls moet getref word om voorsiening te maak vir meganiese, elektriese, bedryfs- of prosesfalings en -foutwerkings van die stortingstelsel.

Inspeksies

3.11. Enige eiendom of grond ten opsigte waarvan 'n watergebruik ingevolge hierdie kennisgewing gemagtig is, moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n persoon gemagtig ingevolge artikel 125 van die Nasionale Waterwet.

Misdrywe

3.12. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie magtiging oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is onderworpe aan 'n straf uiteengesit in artikel 151(2) van die Nasionale Waterwet.

TABEL 3.4 Gelyste waterhulpbronne

WATERHULPBRON
1. Houtbaairivier tot by getywater
2. Eersterivier tot by getywater
3. Lourensrivier tot by getywater
4. Steenbrasrivier tot by getywater
5. Berg-en Dwarsrivier tot by samevloeiing
6. Klein-Bergrivier tot by Vogelkleistudam
7. Sonderend-, Du Toits - en Elandskloofrivier stroomop en insluitende die Thee Waterskloofdam
8. Witterivier tot by die samevloeiing met die Breederivier
9. Dwarsrivier tot by Ceres-afdelingsgrens
10. Olifantsrivier tot by die Ceres-afdelingsgrens
11. Helsloot- en Smalblaar- (of Molenaars-)rivier tot by hul samevloeiing met die Breederivier
12. Hexrivier tot by sy samevloeiing met die Breederivier
13. Van Stadensrivier tot by getywater
14. Buffelsrivier vanaf sy oorsprong tot waar hy King William's Town se munisipale gebied binnegaan
15. Klipplaatrivier vanaf sy oorsprong tot by die Waterdowndam
16. Swart Keirivier tot by sy samevloeiing met die Klipplaatrivier
17. Brootbakrivier
18. Bongolarivier tot by die Bongoladam
19. Kubusrivier tot by Stutterheim se munisipale grens
20. Langkloofrivier vanaf sy oorsprong tot by Barkly-Oos se munisipale grens
21. Kraairivier tot by sy samevloeiing met die Langkloofrivier
22. Klein-Tsomorivier
23. Xukarivier tot by die Elliot-distriksgrens
24. Tsits a- en Inxurivier tot waar by hul samevloeiing
25. Mvenyane- en Mzimvuburivier vanaf hul oorsprong tot by hul samevloeiing
26. Mzintlarivier tot by sy samevloeiing met die Mvalwenrivier
27. Ingwangwanarivier tot by sy samevloeiing met die Umzimkularivier
28. Umzimkulu- en Polelarivier tot by hul samevloeiing
29. Elandsrivier tot by die Petermaritzburg-Bulwer-hoofpad
30. Umamvuma- en Wezarivier tot by hul samevloeiing
31. Umkomaas - en Isingarivier tot by hul samevloeiing
32. Luranerivier tot by sy samevloeiing met die Umkomaas rivier
33. Sitnundjwanaspruit tot by sy samevloeiing met die Umkomaasrivier
34. Inudwinirivier tot by die Polela-distriksgrens
35. Inkonzarivier tot by die brug op die Donnybrook-Creighton-pad
36. Umlaasrivier tot by die brug op Distrikspad 334 op die plaas Maybole
37. Umgeni- en Lionsrivier tot by hul samevloeiing
38. Mooirivier tot by die padbrug te Rosetta
39. Klein-Mooi- en Hlatikularivier tot by hul samevloeiing
40. Boesmansrivier tot by die Wagendriftdam
41. Klein-Tugelarivier en Sterkspruit tot by hul samevloeiing
42. M'Lambonjwa- en Mhlawazenirivier tot by hul samevloeiing
43. Mnweni- en Sandhlwanarivier tot by hul samevloeiing
44. Tugelarivier tot by sy samevloeiing met die Kombespruit
45. Inyamvubu- (of Mnyamvubu-)rivier tot by die Craigie Burn-dam
46. Umvotirivier tot by die brug op die Seven Oaks-Rietvlei-pad

WATERHULPBRON		
47. Yarrowrivier tot by sy samevloeiing met die Karkloofrivier		
48. Incandu- en Ncibidwanerivier tot by hul samevloeiing		
49. Ingogorivier tot by sy samevloeiing met die Harterivier		
50. Pivaanrivier tot by sy samevloeiing met Soetmelkspruit		
51. Slangrivier en die Wakkerstroom tot by hul samevloeiing		
52. Elands- en Swartkoppiespruit tot by hul samevloeiing		
53. Alle sytakke van die Komatirivier tussen Nooitgedachtdam en sy samevloeiing met en met inbegrip van Zevenfonteinspruit		
54. Seekoeispruit tot by sy samevloeiing met Buffelspruit		
55. Krokodilrivier en Buffelskloofspruit tot by hul samevloeiing		
56. Alle sytakke van die Steelpoortrivier stroomaf tot by die samevloeiing met en met inbegrip van die Dwarsrivier		
57. Potspruit tot by sy samevloeiing met die Watervalrivier		
58. Dorpsrivier (of Spekboomrivier) tot by sy samevloeiing met die Marambanspruit		
59. Ohrigstadrivier tot by die Ohrigstaddam		
60. Klein-Spekboomrivier tot by sy samevloeiing met die Spekboomrivier		
61. Blyderivier tot by Pelgrimsrus se munisipale grens		
62. Sabierivier tot by Sabie se munisipale grens		
63. Nelsrivier tot by Pelgrimsrus se munisipale grens		
64. Houtboslooprivier tot by Lydenburg-distriks grens		
65. Blinkwaterspruit tot by die Longmeredam		
66. Assegairivier stroomop en met inbegrip van die Heyshopedam		
67. Komatirivier stroomop en met inbegrip van die Nooitgedacht en die Vygeboomdam		
68. Ngwempisirivier stroomop en met inbegrip van die Jerigo- en Morgenstondam		
69. Slangrivier stroomop en met inbegrip van die Zaaihoekdam		
70. Alle strome wat in die Olifantsrivier invloei stroomop en met inbegrip van die Loskop-, Witbank- en Middelburgdam		
71. Alle strome wat in die Ebenezerdam in die Groot-Letabarivier invloei		
72. Dokolewerivier tot by sy samevloeiing met die Poltizerivier		
73. Ramadieparivier tot by die Merenskydam op die plaas Westfalia 223, Letaba		
74. Pienaarsrivier en sy sytakke so ver as die Klipvoordam		
RAMSAR-GELYSDE VLEIGEBIEDE	PROVINSIE	LIGGING
75. Barberspan	Noordwes	26°33' S 25°37' O
76. Blesbokspruit	Gauteng	26°17' S 28°30' O
77. De Hoopvlei	Wes-Kaap	34°27' S 20°20' O
78. De Mond (Heuningnesmonding)	Wes-Kaap	34°43' S 20°07' O
79. Kosibaai	KwaZulu-Natal	27°01' S 32°48' O
80. Sibaya-meer	KwaZulu-Natal	27°20' S 32°38' O
81. Langebaan	Wes-Kaap	33°06' S 18°01' O
82. Oranjeriviermonding	Noord-Kaap	28°40' S 16°30' O
83. St. Lucia-stelsel	KwaZulu-Natal	28°00' S 32°28' O
84. Seekoeivlei-natuurreservaat	Vrystaat	27°34' S 29°35' O
85. Verlorenvlei	Wes-Kaap	32°24' S 18°26' O
86. Nylsvlei	Noordelike	24°39' S 28°42' O
87. Verloren Valei	Mpumalanga	25°14' S 30°4' O
88. Wildernis-mere	Wes-Kaap	33°59' S 22°39' O

4 BESKIKKING OOR AFVAL OP 'N WYSE WAT NADELIG OP 'N WATERHULPBRON KAN INWERK

[Artikel 21(g)]

Doel van hierdie magtiging

4.1. Die magtiging wat ingevolge hierdie Bylae toegelaat word, vervang die noodigheid vir 'n watergebruiker om ingevolge die Nasionale Waterwet aansoek te doen om 'n lisensie vir die

wegdoening van afval, mits die wegdoening binne die perke en voorwaardes uiteengesit in hierdie magtiging is.

Uitsluiting

4.2. Hierdie magtiging is van toepassing op iemand wat die wettige bewoner van die grond is waarop die wegdoening plaasvind.

Voldoening aan Nasionale Waterwet en ander wette

4.3.(1) Hierdie magtiging —

- (a) vervang nie enige bestaande magtiging wat kragtens die Nasionale Waterwet erken word nie;
- (b) stel nie iemand van voldoening aan artikel 7(2) van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 van 1997) vry nie;
- (c) stel nie iemand van voldoening aan die bepalings van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), vry nie betreffende die konstruksie, bedryf en instandhouding van enige struktuur wat gebruik word vir die versameling, behandeling of wegdoening van afval nie; or
- (d) stel nie iemand vry nie, wat water gebruik van voldoening aan enige ander bepaling van die Nasionale Waterwet, enige ander toepaslike wet, regulasie, ordonnansie of verordening nie, tensy anders in hierdie kennisgewing vermeld.

(2) Iemand wat water ingevolge hierdie magtiging gebruik, word van voldoening aan artikel 22(2)(e) van die Nasionale Waterwet vrygestel.

Toepassingsgebied

4.4. Hierdie magtiging is oral in die Republiek van Suid-Afrika van toepassing, uitgesonderd enige ondergrondse Staatswaterbeheergebied soos omskryf in die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), voor die herroeping daarvan en uiteengesit in Tabel 4.1.

Duur van magtiging

4.5. Hierdie magtiging is geldig vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, tensy —

- (a) dit op enige hersieningsdatum gewysig word, welke hersieningsdatum met tussenposes van twee jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sal wees;
- (b) die tydperk by verdere kennisgewing in die *Staatskoerant* verleng word; of
- (c) daar van die watergebruiker vereis word om aansoek te doen om 'n lisensie ingevolge die Nasionale Waterwet.

Woordomskrywing

4.6. In hierdie magtiging het enige woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis ingevolge die Nasionale Waterwet toegeken is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) **“bioafbreekbare industriële afvalwater”** afvalwater wat oorwegend organiese afval bevat wat afkomstig is van industriële bedrywighede en persele, met inbegrip van —
 - (a) melkverwerking;
 - (b) die vervaardiging van vrugte- en groenteprodukte;
 - (c) suikermeule;
 - (d) die vervaardiging en bottelering van koeldrank;

- (e) waterbotteling;
 - (f) die produsering van alkohol en alkoholiese drankies in brouerye, wynkelders of mouthuise;
 - (g) die vervaardiging van dierevoer uit plant- of diereprodukte;
 - (h) die vervaardiging van gelatien en gom uit huide, velle en bene;
 - (i) abattoirs;
 - (j) visverwerking; en
 - (k) voerkrale;
- (ii) **“kategorie A-myn”** —
- (a) enige goud- of steenkoolmyn;
 - (b) enige myn met 'n ekstraksiemetallurgiese proses, met inbegrip van hoopuitloging; of
 - (c) enige myn waar sulfaatproduserende of suurgenererende materiaal in die mineraalafsetting voorkom;
- (iii) **“kompleks industriële afvalwater”** afvalwater wat afkomstig is van industriële bedrywighede en persele, wat die volgende bevat -
- (a) 'n komplekse mengsel van stowwe wat moeilik of onprakties is om chemies gekenmerk of gekwantifiseer te word; of
 - (b) een of meer stowwe waarvoor 'n afvalwaterlimietwaarde nie gespesifiseer is nie en wat skadelik of potensieel skadelik kan wees vir menslike gesondheid of die waterhulpbron- (identifisering van kompleks industriële afvalwater sal op skriftelike versoek deur die Departement voorsien word);
- (iv) **“huishoudelike afvalwater”** afvalwater wat afkomstig is van huishoudelike en handelsbedrywighede en –persele, en wat riool kan bevat;
- (v) **“verdampingsdam”** 'n dam wat ontwerp is om afvalwater deur middel van verdamping te versamel en daarvan weg te doen, waaruit enige gekonsertreede afval of slyk verwyder moet word en weggedoen moet word volgens die vereistes van tersaaklike wette en regulasies;
- (vi) **“gryswater”** afvalwater wat deur middel van huishoudelike bedrywighede en persele gegenereer word, met inbegrip van was, bad en voedselvoorbereiding, maar wat nie riool bevat nie;
- (vii) **“moniteringsprogram”** 'n program vir die gereelde neem van metings van die hoeveelheid en/of gehalte van 'n waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting, met gespesifiseerde tussenposes, en op spesifieke plekke, om die chemiese, fisiese en biologiese aard van die waterhulpbron, afval of afvalwaterstorting te bepaal;
- (viii) **“organiese afval”** afval van nie-antropogeniese oorsprong wat gereedlik bioafbreekbaar in die omgewing is en wat nie enige stowwe bevat wat in die omgewing kan akkumuleer nie;
- (ix) **“opterreinwegdoening”** die wegdoening van afvalwater op individuele eiendomme wat nie permanent gekoppel is aan 'n sentrale afvalversamelings-, behandelings- en wegdoeningstelsel, byvoorbeeld septiesetenkstelsels, riooltenkstelsels, wegleistelsels, stapelriole en putlatrines nie;
- (x) **“primêre behandeling”** die behandeling van afvalwater deur middel van 'n fisiese proses, waarby deurweking, afsakking, skerming en grintverwydering betrokke kan wees;
- (xi) **“sekondêre behandeling”** die behandeling van afvalwater deur middel van 'n biologiese proses, deur son- en ander energie, bakteerë, alge en 'n verskeidenheid waterbiota, om organiese materiaal te verwyder;
- (xii) **“afvalwater”** water wat afval bevat, of water wat in aanraking was met afvalmateriaal;

- (xiii) **“afvalwaterdamstelsel”** ‘n dam of stelsel van damme wat ontwerp is om afvalwater op te vang en primêre en sekondêre behandeling uit te voer, en waaruit behandelde afvalwater gestort word.

Opgaring van huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater vir hergebruiksdoeleindes

4.7. Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier of gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede uiteengesit in Tabel 4.1, mag op daardie eiendom of grond tot en met 5 000 kubieke meter huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater opgaar vir hergebruiksdoeleindes.

Opgaring van huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater vir wegdoeningsdoeleindes

4.8. Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier of gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede soos uiteengesit in Tabel 4.1, mag op daardie eiendom of grond huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater met die doel om van die volgende weg te doen-

- (a) tot en met 10 000 kubieke meter per eiendom of grond; of
- (b) tot en met 50 000 kubieke meter per eiendom of grond in ‘n afvalwaterdamstelsel.

Wedoening van huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater

4.9. Iemand wat —

- (i) eiendom besit of wettiglik okkupier wat in die Aktekantoor geregistreer is op die datum van hierdie kennisgewing; of
- (ii) grond wettiglik okkupier of gebruik wat nie geregistreer of opgemeet is nie,

buite die gebiede uiteengesit in Tabel 4.1, mag op daardie eiendom of grond afvalwater wegdoen, soos volg-

- (a) tot en met 1 000 kubieke meter van huishoudelike en/of bioafbreekbare industriële afvalwater op enige gegewe dag —
 - (i) in ‘n afvalwaterdamstelsel; of
 - (ii) in ‘n verdampingsdamstelsel;
- (b) huishoudelike of bioafbreekbare afvalwater in ‘n afvalwaterbesproeiingstelsel soos uiteengesit in Algemene Magtiging 2;
- (c) afvalwater na ‘n opterreinwegdoeningsfasiliteit vir —
 - (i) gryswater gegenereer deur ‘n enkele huishouding;
 - (ii) tot en met een kubieke meter bioafbreekbare industriële afvalwater op enige gegewe dag; en

- (iii) huishoudelike afvalwater na 'n kommunale septiese tenk wat hoogstens 50 huishoudings bedien;
- (d) huishoudelike afvalwater deur 'n enkele huishouding gegenereer wat nie permanent gekoppel is aan 'n sentrale afvalversamelings-, behandelings- en wegdoeningstelsel nie, na 'n opterreinwegdoeningsfasiliteit; en
- (e) afloopstormwater van enige perseel wat nie afval of afvalwater vanaf industriële bedrywighede of persele bevat nie.

Wegdoening van mynafval of -residu

4.10. Iemand kan oor mynresidu in mynresiduafsettings beskik, mits —

- (a) die mynresidu nie van 'n kategorie A-myn is nie;
- (b) die wegdoening ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 704 van 4 Junie 1999 is; en
- (c) die wegdoening gedoen word ooreenkomstig SABS Kode 0286.

Registrasie van afvalwateropgaring

4.11.(1) Iemand wat afvalwater ingevolge hierdie magtiging opgaar, moet 'n registrasievorm wat van die Departement verkrygbaar is, vir die registrasie van watergebruik indien voor die aanvang van opgaring indien meer as 1 000 kubieke meter vir wegdoening opgegaar word of meer as 500 kubieke meter vir hergebruik opgegaar word.

- (2) By skriftelike erkenning van ontvangs van die aansoekvorm deur die Departement, sal die persoon beskou word as 'n geregistreerde watergebruiker.
- (3) Die geregistreerde gebruiker moet voldoen aan enige regulasie wat gepromulgeer is ingevolge artikel 26(1)(c) van die Nasionale Waterwet.

Registrasie van afvalwaterwegdoening

4.12.(1) Iemand wat van afvalwater ingevolge hierdie magtiging wegdoen, moet 'n registrasievorm wat van die Departement verkrygbaar is, vir die registrasie van watergebruik indien voor die aanvang van wegdoening indien daar van meer as 50 kubieke meter huishoudelike of bioafbreekbare industriële afvalwater vir wegdoening op enige gegewe dag weggedoen word.

(2) Die verantwoordlike plaaslike owerheid moet 'n registrasievorm wat van die Departement verkrygbaar is, indien vir die registrasie van watergebruik vir die wegdoening van huishoudelike afvalwater in —

- (a) gebiede waar meer as 5 000 huishoudings deur opterreinwegdoeningsterreine bedien word;
- (b) gebiede waar die digtheid van opterreinwegdoeningsterreine 10 per hektaar oorskry; of
- (c) gebiede wat deur kommunale septiese tenks bedien word.

(3) By skriftelike erkenning van ontvangs van die aansoekvorm deur die Departement, sal die persoon beskou word as 'n geregistreerde watergebruiker.

(4) Die geregistreerde gebruiker moet voldoen aan enige regulasie wat gepromulgeer is ingevolge artikel 26(1)(c) van die Nasionale Waterwet.

Ligging van afvalwateropgaringsdamme en afvalwaterwegdoeningsterreine

4.13. Afvalwateropgaardamme en afvalwaterwegdoeningsterreine moet geleë wees —

- (a) buite 'n waterloop;
- (b) bokant die 100 jaar-vloedlyn of, alternatiewelik, meer as 100 meter vanaf die rant van die waterhulpbron of 'n boorgat wat gebruik word vir drinkwater of veesuiping; en
- (c) op grond wat nie 'n hoofakwifer is of daaroor geleë is nie (identifisering van 'n hoofakwifer sal op versoek deur die Departement voorsien word).

Rekordhouding en bekendmaking van inligting

4.14.(1) Die geregistreerde gebruiker, met uitsondering van die plaaslike owerheid, moet die instelling verseker van moniteringsprogramme om die hoeveelheid en gehalte van die afvalwater voor opgaring of wegdoening te moniteer, soos volg-

- (a) vir die opgaring van afvalwater moet die hoeveelheid maandeliks aangeteken word; of
- (b) vir die wegdoening van afvalwater moet die hoeveelheid gemeet en maandeliks aangeteken word.

(2) Op skriftelike versoek van die Verantwoordelike Gesag, moet die geregistreerde gebruiker, met uitsondering van die plaaslike owerheid —

- (a) die instelling van bykomende moniteringsprogramme verseker; en
- (b) 'n bevoegde persoon aanstel om die watergebruikmetings wat ingevolge hierdie magtiging gedoen word, te evalueer en die bevindings aan die Verantwoordelike Gesag voor te lê vir evaluering.

(3) Behoudens paragraaf 4.14.(2) hierbo, moet die geregistreerde gebruiker, met uitsondering van die plaaslike owerheid, vir minstens vyf jaar 'n skriftelike rekord hou van die volgende afvalwateropgarings- en afvalwaterwegdoeningsbedrywighede-

- (a) die ligging van die opgaardam of afvalwaterwegdoeningsterrein;
- (b) die hoeveelheid afvalwater wat opgegaar of weggedoen word of hergebruik word;
- (c) die gehalte van die afvalwater wat opgegaar of oor beskik word, waar toepaslik;
- (d) besonderhede van die moniteringsprogram;
- (e) besonderhede van falings en foutwerkings van enige afvalwaterwegdoeningstelsel of afvalwateropgaardam waarvoor die geregistreerde gebruiker verantwoordelik is; en

sodanige inligting moet op skriftelike versoek aan die Verantwoordelike Gesag beskikbaar gestel word.

(4) Enige inligting oor die voorkoms van 'n voorval wat 'n nadelige uitwerking op die waterhulpbrongehalte het of waarskynlik sal hê, moet aan die Verantwoordelike Gesag gerapporteer word.

Voorkomende praktyke

4.15.(1) Die geregistreerde gebruiker moet aanvaarbare konstruksie-, instandhoudings- en bedryfspraktyke volg om die konsekwente, doeltreffende en veilige uitvoering van enige afvalwaterwegdoeningstelsel of afvalwateropgaardam te verseker.

(2) Alle redelike maatreëls moet getref word om te voorkom dat afvalwater uit enige afvalwaterwegdoeningstelsel of afvalwateropgaardam oorloop.

(3) Alle redelike maatreëls moet getref word om voorsiening te maak vir meganiese, elektriese, bedryfs- of prosesfalings en foutwerkings van enige afvalwaterwegdoeningstelsel of afvalwateropgaardam.

(4) Rioolslyk moet verwyder word uit enige afvalwater en weggedoen word volgens die vereistes van enige tersaaklike wette of regulasies, insluitend-

- (a) "Toelaatbare gebruik en wegdoening van rioolslyk" Uitgawe 1, 1997. Waternavoringskommissie Verslag No TT 85/97 Gids; en
- (b) "Gids: Toelaatbare gebruik en wegdoening van behandelde riooluitvloei", 1978. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkelings verslag No. 11/2/5/3 (verkrygbaar van die Departement op skryftelike versoek).

Inspeksies

4.16. Enige eiendom of grond ten opsigte waarvan 'n watergebruik ingevolge hierdie kennisgewing gemagtig is, moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n persoon gemagtig ingevolge artikel 125 van die Nasionale Waterwet.

Misdrywe

4.17. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie magtiging oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is onderworpe aan die straf uiteengesit in artikel 151(2) van die Nasionale Waterwet.

NOTA: Inligting ten opsigte van dreineringsgebiede verwys na in Tabel 4.1 kan van die Departement op skriftelike versoek verkry word.

TABEL 4.1 Ondergrondse Staatswaterbeheergebiede uitgesluit van Algemene Magtiging vir wegdoening van afval

Primêre dreineringsgebied	Tersiêre/kwaternêre dreineringsgebied	Beskrywing van ondergrondse Staatswater-beheergebied	Goewermements-kennisgewing No.	Datum van Staatskoerant
H	H30	Baden	136	1967-06-16
A	A30	Bo-Molopo	1324	1963-08-30
C	C30	Bo-Molopo	1993	1965-12-17
D	D41	Bo-Molopo	R. 634	1966-04-29
A	A24	Krokodilriviervallei	208	1981-10-23
A	A21	Krokodilriviervallei	18	1983-02-18
A	A21, A22	Kroondal-Marikana	180	1963-06-17
G	G10, G30	Laer-Bergriviervallei/Saldanha	185	1976-09-10
A, B	A60, B50, B31	Nylriviervallei	56	1971-03-26
G	G30	Strandfontein	2463	1988-12-09
M	M10, M20, M30	Uitenhage	260	1957-08-23
G	G30	Wadrif	992	1990-05-11
G	G20	Yzerfontein	27	1990-02-09
G	G30	Graafwater	1423	1990-06-29
A	A70	Dendron-Vivo	813	1994-04-29
A	A60	Dorpsrivier	312	1990-02-16
C	C24	Ventersdorp	777	1995-06-02